


# WETTISISME… PAS JY IN MY BOKSIE?

## Ysbreker

Aan watter kriteria meet ons gewoonlik mense se toewyding aan die Here?

Vir sommige mense skrik reëls en wette hulle af van kerk en tog soek kerkmense soms partykeer juis duidelike reëls en wette. Hoekom verskil mense hieroor? Watter reëls en wette sal jy graag in plek wil sien in die kerk?

## VIDEO

Kyk saam na **die video-snit uit What's so Amazing About Garce**

- Wat het jou aangegryp of wat pla jou oor wat Philip Yancey en Tony Campolo hier sê?

Gesels oor die volgende gedagtes:

- Waarom skrik reëls en wette mense af van kerk?

- Tony Campolo maak die opmerking: ***"This man does not deserve the grace of God***!" Wanneer dink julle ***verdien*** iemand nie meer genade nie? Hoe kan genade ooit ***verdien*** word?

- Waar sien jy "**radical honesty**" en "**radical dependency**" in ons gemeente, in julle kleingroep? Hoe kan ons dit aanmoedig?

- Waarom gaan jy kerk toe?

## Opweg met die Woord:

Lees **Lukas 18:9-14**

- Wat het jou die meeste getref in die lees van die gedeelte?

- Die Fariseër vergelyk hom met ander mense – **v 11-12**. Die tollenaar vergelyk hom met die mens wat God wil hê hy moet wees – **v 13**. Hoekom is dit belangrik om hierdie verskil raak te sien?

- As jy dink aan die kerk waarin jy groot geword het, watter godsdienstige reëls en wette of in ander woorde godsdientige kriteria is daar gestel waaraan "goeie gelowiges" moet voldoen?

- Watter effek het hierdie reëls en wette op jou gehad?

Lees **Galasiërs 5:1-6**

- Probeer Paulus se argument in hierdie gedeelte as groep vir julle self **opsom**:

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- Hoe verbeur, beperk, verloor ons God se genade – v 4?

**'n Moeilike saak**: (What is so Amazing about Grace)

Jesus het baie tyd spandeer met mense en groepe wat nie gewild was of in goeie kerkkringe aanvaar of welkom was nie. Dit het Hom in direkte konflik met die Fariseërs en kerkleiers van sy tyd gebring. Want Jesus kom en breek al hulle wette en vereistes, Hy meng met sondaars en kinders en vrouens en Samaritane en siek mense en heidene… Hy eet saam met hulle. Hy raak selfs aan siekes en melaatses!

Hoe kan ons 'n gemeente word waar sondaars en mense wat op die rand van die samewing is, welkom is?

**VIR 'N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **In watter areas in my geloofslewe is dit vir my makliker om reëls en wette te volg. Hoekom?**
- **Op watter manier verwag ek van ander gelowiges om in te koop by hierdie reëls en wette wat ek vir my self stel?**
- **Wat beteken Galasiërs 5:1 vandag vir jou?**
- **Op watter tereinne in jou lewe het jy meer genade en vryheid nodig?**
- **Vra die Heilige Gees om jou die Vryheid van Christus nuut te laat ontdek om ander mense met groter genade te hanteer**.